

Onderlinge gemeenskap deur te sorg vir siekes

Skrifgedeelte: Jakobus 5:13-20
Fokusgedeelte: Jakobus 5:13
(1933/53- en 1983-vertaling)

Onderlinge gemeenskap word regdeur die Nuwe Testament verkondig. In al die briewe van Paulus, briewe van sy medebroeders, in die vier Evangelies in en rondom die werk en lewe van Christus op aarde, oral vind ons die aansporing tot onderlinge gemeenskap, liefde en sorg. Hier in die brief van Jakobus, aan die 12 stamme wat deur die wêreld versprei is, vind ons ook die aansporing tot onderlinge sorg, verdraagsaamheid en liefde.

God plaas elkeen van ons in die gemeente of groep van gelowiges waar ons onself bevind, en elkeen van ons met die doel om sy werk as verteenwoordiger van God te kan doen. Daar waar u en u geliefdes saam is of daar waar u en die gemeente vergader en ook daar waar u uself in die wêreld bevind elke dag, daar is die plek waar ons die opdrag van God moet nakom en uitleef. Onderlinge gemeenskap soos hier deur Jakobus uitgelig word, die gebed waarmee ons mekaar aan die sorg van God kan opdra, dit is waar ons mekaar in die liefde van ons Vader ontmoet.

Laat ons mekaar vandag aanspoor tot onderlinge gemeenskap, laat ons saam met Jakobus vir ons medebroer en -suster bid, laat ons vir mekaar in moeilike tye sorg en laat ons in goeie tye saam jubelsange sing. God se woord was duidelik aan Jakobus en is ook duidelik aan ons, ons onderlinge sorg en gebede vir mekaar hetsy vir gesondheid, sonde vergifnis of vermaning tot bekering is 'n opdrag van God. Laat ons liefde vir mekaar as medegelowiges en ook aan afgedwaaldes, ook liefde wek soos die Psalmskrywer se woorde dit in Psalm 133 laat hoor.

Laat ons mekaar tot opbou wees, om vir elkeen in ons dag vandag 'n geleentheid te wees om nader aan God te kan leef deur onderlinge sorg en liefde aan mekaar.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE
Publikasie
Publication
CALVYN JUBILEUM
GOORE TONDER
Nr./No.: P21